Wynbedryfinligting

Januarie 2012

Binnelandse verkope van natuurlike wyn het vir die tydperk Desember 2010 tot November 2011 met 3.1% gestyg.

Die jaar-op-jaar uitvoertendens bly onveranderd. Die uitvoer van natuurlike wyn in grootmaat en verpak het vir die tydperk Januarie tot Desember 2011 met onderskeidelik 16.2% gestyg en met 19.6% gedaal.

Die 2012-wyndruif-oes behoort 1 353 018 ton te beloop, volgens die bedryf (produsentekelders en wingerdkonsultante) se oesskatting van 10 Januarie 2012. Dit is nagenoeg 1 300 ton meer as die November 2011 skatting en 4.0% meer as die 2011-oes. Daar word verwag dat die 2012-wynoes, sap en konsentraat vir nie-alkoholiese doeleindes, wyn vir brandewyn en distilleerwyn ingesluit, 1 044.5 miljoen liter sal beloop, bereken teen 'n gemiddelde verhaling van 772 liter per ton druiwe. (sien 2012 Druiwe– en Wynoes)

Geringe afnames word vir die Oranjerivier- en Malmesburydistrikte geskat. In die eersgenoemde distrik is die afname hoofsaaklik te wyte aan 'n verlaging in die verwagte lewering van tafeldruiwe vir sapproduksie, asook die gunstige toestande vir die produksie van rosyne. In die Malmesburydistrik trek droëland wingerde tans swaar, veral weens die huidige hittegolwe en lae grondwatervlakke.

Toenames word vir die Stellenbosch- en Klein Karoo distrikte geskat. In die Stellenboschdistrik vertoon die drag van kultivars soos Pinotage, Sauvignon blanc en Shiraz op hierdie stadium beter as in 2011. In die Klein Karoodistrik was die set oor die algemeen goed en die beskikbaarheid van water vir hierdie tyd van die jaar is ook relatief goed.

Die gunstige weerstoestande vanaf middel November tot einde Desember 2011 het tot gevolg dat wingerde goed gegroei het en tans gesond is.

OP DIE WEBTUISTE

- Binnelandse verkope van natuurlike wyn vir November 2011
- Prysbande waarbinne wyn in grootmaat binnelands volgens distrik en per oesjaar verkoop is vir die tydperk Januarie tot November 2011
- Prysbande waarbinne wyn in grootmaat deur produsente- en privaatkelders volgens distrik uitgevoer is vir die tydperk Januarie tot November 2011
- Uitvoerstatistiek vir die tydperk Januarie 2011 tot Desember 2011
- Binnelandse verpakte wyn Januarie tot November 2011
- Sertifiseringinligting
- Internasionale Nuus
- 2011 Wêreld en Plaaslike Nuusoorsig

Groete tot Februarie 2012.

Charles
Tel +27 21 8075719
E-pos charles@sawis.co.za

SAWIS
SA WYNBEDRYF-INLIGTING & -STELSELS
SA WINE INDUSTRY INFORMATION & SYSTEMS

Wine Industry Information

January 2012

Domestic natural wine sales increased by 3.1% for the period December 2010 to November 2011.

The year-on-year export trend remains unchanged. Exports of natural wine in bulk increased and exports of packaged natural wine decreased with 16.2% and 19.6% respectively for the period January to December 2011.

The 2012 wine grape crop should amount to 1 353 018 tons, according to the crop estimate by the industry (producer cellars and viticulturists) on 10 January 2012. This is about 1 300 tons more than the November 2011 estimate and 4.0% more than the 2011 crop. It is expected that the 2012 wine harvest, including juice and concentrate for non-alcoholic purposes, wine for brandy and distilling wine, will amount to 1 044.5 million litres at an average recovery of 772 litres per ton of grapes. (see 2012 Grape and Wine Crop)

Slight decreases are estimated for the Orange River and Malmesbury districts. In the first mentioned district the decrease is mainly due to a reduction in the expected delivery of table grapes for juice purposes, as well as favourable conditions for the production of raisins. In the Malmesbury district dry land vineyards are under pressure as a result of the current heat waves and low groundwater levels.

Increases are estimated for the Stellenbosch and Klein Karoo districts. In the Stellenbosch district the yield of Pinotage, Sauvignon blanc and Shiraz cultivars are at this stage more promising than in 2011. In the Klein Karoo district the set was overall good and the availability of water also relative good for this time of the year.

The favourable weather conditions since mid November until the end of December 2011 resulted in good growth and healthy vineyards.

ON THE WEBSITE

- Domestic sales of natural wine for November 2011
- Price ranges of bulk wine sold locally according to region and vintage for the period January to November 2011
- Price ranges of bulk wine exported by producer and private cellars according to region for the period January to November 2011
- Export statistics for the period January 2011 to December 2011
- Information about certification
- Domestic packaged natural wine January to November 2011
- International News
- 2011 World and Local News Overview

Greetings until February 2012.

Charles
Tel +27 21 8075719
E-mail charles@sawis.co.za

SAWIS
SA WYNBEDRYF-INLIGTING & -STELSELS
SA WINE INDUSTRY INFORMATION & SYSTEMS